# NUUSBRIEF 10

[i]retire Funds

## ALGEMENE NUUS

Die volgende Waaksaamheidskomiteelede is verkies vir die volgende termyn:

**Werkgewerlede:**
- Mnr. Adam Jacobs
- Mnr. Gerhard Hartman
- Oudl. Schalk van Schalkwyk

**Werknemerlede:**
- Prof. Izak Brink
- Ds. JL Schütte
- Mnr. Gys van Rensburg

**1 MEI**

Die wyse waarop die pensioenadministrasiefooi vanaf 1 Mei 2018 gehef word verander van 'n persentasie van salaris na 'n vaste fooi basis

WWW

Alle omsendskrywes is beskikbaar op die AP Kerk webblad

## BOODSKAP VAN DIE HOOFBEAMPTE

- Belasting voordele verseker dat aftreefondse die beste spaar strategie vir u aftrede is
- Fondse word volgens streng maatreëls bestuur en gereguleer
- Volgens statistiek is dit vir meeste mense nie moontlik om af te tree nie
- Dit is belangrik om u aftree spaargeld streng te bestuur, maak seker dat die fooie wat u betaal laag en deursigtig is en dat u bydra tot u "GAP"
- Die Acravest toep is 'n belangrike hulpmiddel wat u kan gebruik om u aftree spaar strategie te bestuur

## BELASTING

VERPLIGTEND

Die SAID verplig ons om alle lede se belasting nommers op ons stelsel te hê

Wanneer u tot u fonds bydra kry u belasting voordele

Dit is belangrik dat u, u belastingnommer aan ons deurgee - daarsonder kan ons nie u eis afhandel nie

## ACRAVEST TOEP

### VERANDERINGE OP DIE HORISON:

Laai dokumente op die toep

Dateer persoonlike inligting en begunstigdes op

Laai voordeel state af

## BENOEMING VAN BEGUNSTIGDES

Wat wil u hê moet met u geld gebeur indien u sou sterf?

U moet ten minste jaarliks u begustigdes hersien

Gebruik die toep om u begunstigdes op te dateer

## BELEGGINGS TERUGVOER

- Verlede jaar het die markte middelmatig presteer na 3 jaar se swak vertoning
- Suid Afrika se werkloosheidsyfer is een van die hoogstes in die wêreld
- Inflasie het afgeneem
- 'n Verhoging in olie pryse dui op 'n verhoging in brandstof pryse oor die volgende paar maande

Vir meer inligting oor hierdie onderwerpe, kyk gerus na die res van die dokument

# NUUSBRIEF 3

**JUNIE 2018**

## Boodskap van die Hoofbeampte

Geagte Lid,

U aftreefonds bied aan u 'n platform om te spaar vir u aftrede. Die fonds voldoen aan streng vereistes om te verseker dat u geld met hoë integriteit bestuur word deur professionele spanne in verskeie dissiplines.

Aftreefondse is deesdae baie in die nuus. Die hoof boodskap is dat lede van hierdie fondse aftree ouderdom bereik voordat hulle genoeg geld bymekaar gemaak het om hul lewenstandaard te kan volhou na aftrede. Daar is verskeie redes en faktore wat hiertoe bydra. Van die faktore wat 'n invloed het, sluit in diensverskaffers wat uitermatige hoë fooie hef en lede wat van hul aftree geld gebruik wanneer hulle van werk verander.

Bogenoemde faktore kan aangespreek word indien u, die lid, eienaarskap neem van u aftree spaargeld. U en u werkgewer maak bydraes tot u fonds. Hierdie bydraes verteenwoordig 'n opoffering in terme van u inkomste wat u maak om u toekoms, nadat u ophou werk, te befonds. Dit is ondenkbaar dat u, die bydraende lid van die fonds, beheer verloor oor die bestuur van u aftreevoordele. Dit gebeur egter soms deur u eie keuse en kan dikwels toegeskryf kan word aan 'n tekort aan inligting of mentorskap wat u van u fonds ontvang.

U fonds is daartoe verbind om u toe te laat om toesig te hou oor die waarde wat u ontvang en dit te evalueer én om u toe te rus met die gereedskap en mentorskap om u in staat te stel om dit te kan doen. Die selfoon toepassing (toep) wat elders in die nuusbrief bespreek word, sal die skakel tussen u en u geld in die fonds word.

Die toep sal vir u 'n beter idee gee van u strategie se verwagte langtermyn uitkoms. Met hierdie vooruitskatting sal u besluite kan neem oor hoe om u spaar strategie aan te pas en ook die waarde wat geskep word kan evalueer.

Namens die fonds, moedig ek u aan om met ons 'n vennootskap te sluit in u strategie om genoeg geld te spaar vir u aftrede.

## Van die Waaksaamheidskomitee

### Algemene nuus

Gedurende die Vyftiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk, gehou 3 – 6 September 2017, is die volgende Waaksaamheidskomiteelede verkies vir die volgende termyn.

Werkgewerlede:
- Mnr. Adam Jacobs
- Mnr. Gerhard Hartman
- Oudl. Schalk van Schalkwyk

Werknemerlede:
- Prof. Izak Brink (emeriti)
- Ds. JL Schütte
- Mnr. Gys van Rensburg (ook sekretaris)

Die wyse waarop die pensioenadministrasiefooi vanaf 1 Mei 2018 gehef gaan word het verander vanaf 'n persentasie van salaris na 'n vaste fooi basis. Die fooi bly vas vir vyf jaar en beloop R193.88 per lid per maand. Medies ongeskikte lede se fooi is R50.00 per lid per maand.

Die pensioenfondsadministrateur het ook 'n *iRetire-toepassing* "app" ontwikkel vir gebruik op 'n selfoon. Ons wil u regtig aanraai om gebruik te maak van hierdie handige aanbieding wat 'n noodsaaklikheid kan raak. Met die "*mind-the-gap*" funksie kan u vasstel hoe u vorder op die pad van voldoende aftreevoorsiening.

Die omsendskrywes wat reeds verskyn het, asook dié in die toekoms, word op die amptelike webblad van die AP Kerk geplaas.

Watter pensioenplan koop ek wanneer aftrede aanbreek? *Meer hieroor in 'n volgende skrywe.*

## Pensioenprosedures – 'n Oorsig

### WIE KAN LID WORD?

1. Lidmaatskap is verpligtend vir alle werknemers jonger as 60 jaar.
2. Die AP Kerk Pensioenfonds is 'n vaste bydrae tipe fonds en skakel in by die iRetire Sambreelpensioenfonds.
3. Normale aftree ouderdom is 65 jaar.
4. Laat aftree ouderdom is 70 jaar.

### WATTER VOORDELE IS BEDING VIR MY RISIKOBYDRAE?

*Mediese ongeskiktheid*

1. 75% van finale salaris onderhewig aan versekeraarbepalings soos bv. mediese toetse indien 'n bepaalde kerf oorskry word. Voordeel betaalbaar tot ouderdom 65 jaar, waarna normale aftrede plaasvind.

*By dood van lid voor aftrede*

Die weduwee ontvang die volgende –

1. Die balans in die lid se LIDBELANG en drie (3) keer die jaarsalaris ten tye van afsterwe in kontant.
2. Ses (6) keer die jaarsalaris waarmee die weduwee 'n pensioenplan móét koop.

*By dood van lid se gade*

1. R100,000 kontant.

*Aftrede*

1. Die balans in die lid se LIDBELANG.

*Diensbeëindiging*

1. Die balans in die lid se LIDBELANG.

### ADMINISTRASIE

*Aansluiting –*

1. Sodra 'n leraar/werknemer, jonger as 60 jaar, by die kerkverband aansluit moet hy/sy lid word van die AP Kerk se pensioenfonds. 'n Aansluitingsvorm word voltooi en aan die pensioenfondsadministrateur gestuur.

*Aftrede –*

1. Lid gee verkieslik drie maande voor aftrede skriftelik kennis van voorneme van aftrede.
2. Die werkgewer aanvaar en gee kennis aan die Ring.
3. Die Ring keur die aftrede goed, sodat die lid status as leraar kan behou (emeritus). 'n Akte van demissie word met sy afskeidspreek uitgereik.
4. Bg. besluite en skrywes word aan die gemeenskaplike kerkkantoor, afdeling Finansies, gegee.
5. Die gemeenskaplike kerkkantoor gee opdrag aan die makelaar om met die lid aftreebeplanning te doen.
6. Die kennis van aftrede-vorm word deur die lid voltooi en onmiddellik aan die gemeenskaplike kerkkantoor gestuur.
7. Die makelaar stuur die aftreebeplanning met die lid gedoen aan die Waaksaamheidskomitee by die gemeenskaplike kerkkantoor.
8. Die gemeenskaplike kerkkantoor stuur die aftree-skrywes en kennis van aftrede-vorm aan die pensioen-fondsadministrateur.
9. Die pensioenfondsadministrateur reël dan dat die lid se belegging onttrek en oorgeplaas word na die pensioenplan van keuse, soos aanbeveel deur die lid se pensioenmakelaar.

*Diensbeëindiging,* deur hetsy die lid of die werkgewer –

1. Die lid of werkgewer gee skriftelik kennis van diensbeëindiging en stuur sodanige skrywe aan die gemeenskaplike kerkkantoor.
2. Die gemeenskaplike kerkkantoor gee opdrag aan die makelaar om met die lid finansiële beplanning te doen.
3. Die lid voltooi die kennis van beëindiging vorm en stuur dit onmiddellik aan die gemeenskaplike kerkkantoor.
4. Die gemeenskaplike kerkkantoor stuur die diensbeëindigingskrywe en die kennis van beëindiging aan die pensioenfondsadministrateur.
5. Die pensioenfondsadministrateur reël dan dat die lid se belegging onttrek en uitbetaal word volgens die lid se keuse.

## Acravest toep

Die Acravest TOEP is 'n belangrike hulpmiddel in u aftree spaar strategie. Toekomstige opgraderings sal u toelaat om u persoonlike inligting op te dateer, stawende dokumente op te laai en die nuutste voordele staat af te laai.
U kan reeds die volgende in die huidige weergawe van die toep doen:

- U huidige voordele sien (Risiko- en Beleggingsvoordele)
- U begunstigdes sien
- U kan die "Gap calculator" gebruik om te sien of u genoeg spaar om u salaris te kan vervang

Daar is nog baie opwindende funksies wat tot die TOEP bygevoeg gaan word, en ons sal enige terugvoer van u kant af rakende ons toep waardeer. Indien u van die toep hou, dink dit kan verbeter word, of enige navrae het stuur asseblief u kommentaar na: socialmedia@iretire.co.za

U kan ook u ervaring met ander deel. Met die volgende opgradering sal enigeen by die iRetire Aftree Annuïteits fonds kan aansluit deur hul besonderhede in te vul en al die nodige dokumente op die toep te laai.

## Benoeming van begunstigdes

Die benoeming van begunstigdes bied aan u die geleentheid om aan die Trustees aan te dui wat u voorkeure is in die verdeling van u voordeel indien u te sterwe kom.

Dit is van uiterste belang dat u jaarliks, of wanneer veranderinge plaasvind, u begunstigdes hersien om te verseker dat die Trustees u wense in ag neem in die uitbetaling van voordele. Die volgende toep opgradering sal u in staat stel om die benoeming van begunstigdes en ander persoonlike inligting deur middel van die toep op te dateer.

## Belasting

Wanneer dit kom by u aftree beplanning (Aftree Annuïteit of pensioen-/voorsorgfonds) is daar twee belangrike aspekte wat in ag geneem moet word - belasting voordele en u belasting nommer.

1. Wanneer u bydra tot u aftree fonds, kan u belasting besparings van tot 27.5% behaal op u jaarlikse salaris tot en met 'n maksimum van R350,000.00. U sal hierdie voordeel ontvang in die jaar wat u bydra afhangende van u belasting kategorie.

   Byvoorbeeld:

| | Maandeliks | Jaarliks |
|---|---|---|
| **Salaris** | R8,000.00 | R96,000.00 |
| **Bydrae (15%)** | R1,200.00 | R14,400.00 |
| **Belasting Voordeel (18%)** | R216.00 | R2,592.00 |

Dus kry u die voordeel van 'n R1,200 bydraes, maar u betaal net R984 per maand. (In 'n pensioen- of voorsorgfonds sal u die voordeel dadelik bekom, en in 'n Aftree Annuïteit kry u die voordeel terug wanneer u, u belasting opgawe indien.

2. In die afgelope jaar het die SAID hul vereistes verander en ons word nou verplig om lede se belasting nommers op ons stelsel te hê en om 'n lid se belasting nommer te verskaf wanneer die lid se geld uitbetaal word of wanneer die lid na 'n nuwe diensverkaffer skuif. Daarom vra ons dat u ons van u belasting nommer voorsien om te verseker dat u eis so vinnig as moontlik afgehandel word. As ons nie u belasting nommer het nie kan ons nie u eis afhandel nie.

## Beleggings en ekonomiese terugvoer

### Beleggings terugvoer

Die beleggings het redelik presteer tot einde April, maar as dit vergelyk word met beleggingsprestasie afgelope drie jaar, was hierdie prestasie teleurstellend. Die opbrengste gemeet oor 'n vier jaar tydperk lyk beter. Hierdie tendens is min of meer dieselfde in al die fondse wat in die mark beskikbaar is en is in lyn met die huidige markte.

### Ekonomiese terugvoer

Einde Maart 2018 was die jaar op jaar inflasiekoers 3.72% - die laagste sedert 2015. Die ru-olie prys het die afgelope paar maande gestyg (sien die tabel hieronder) en na verwagting sal dit lei tot hoër brandstof pryse op die langtermyn, wat opwaartse druk op inflasie syfers sal veroorsaak. Plaaslike politieke risiko is steeds 'n probleem en 'n rede waarom die internasionale beleggers nie vertroue in plaaslike markte het nie. Werkloosheid is ook steeds 'n groot kwelpunt met 'n werkloosheidsyfer van 26.7% in die eerste kwartaal van 2018 - dit is duidelik dat groot veranderinge sal moet plaasvind om hierdie statistiek te verlaag.

**Ru-olie Prys**

| | | |
|---|---|---|
| 30/04/2018 | $ | 69.74 |
| 30/04/2017 | $ | 46.46 |
| 30/04/2013 | $ | 91.61 |

Op die internasionale front is daar ook verskeie onsekerhede - spesifiek Brexit en die impak wat dit op die ekonomie gaan hê, sou dit voortgaan, en die spanning tussen die VSA en die res van die wêreld (die Midde Ooste en Korea en die risiko van handelsoorloë tussen die VSA en sy groot handelsvennote).

**Wêreldwye markte (soos op 30/04/2018)**

| | 1 Jaar | 3 Jaar | 5 jaar |
|---|---|---|---|
| **FTSE (VK)** | 4.24% | 2.56% | 3.15% |
| **Dow Jones (VSA)** | 15.39% | 10.64% | 10.24% |
| **Nikkei (Japan)** | 17.04% | 4.80% | 10.14% |
| **SSE (China)** | -2.30% | -11.47% | 7.19% |
| **FSE DAX (Duitsland)** | -1.47% | 0.39% | 6.83% |
| **FTSE/JSE Algehele indeks (RSA)** | 8.21% | 2.27% | 8.50% |

## Wisselkoerse (soos op 30/04/2018)

| Suid Afrikaanse Rand | 1 Jaar | 5 Jaar |
|---|---|---|
| US Dollar | -6.71% | 39.09% |
| Euro | 3.39% | 27.55% |
| Britse Pound | -0.92% | 23.10% |
| Singapoer Dollar | -2.06% | 29.34% |
| Japanese Yen | -4.79% | 24.13% |
| Chinese Yuan Renminbi | 1.51% | 35.45% |

*Positiewe persentasies dui waardevermindering aan